



RIGLYNE VIR BYE VERWYDERINGS EN HERVESTIGING

Slagspreuk: “Verwyder slegs probleem swerms op ‘n etiese en menswaardige wyse”

‘n Bye verwydering is: die suksesvolle verplasing van ‘n bye kolonie vanaf hul natuurlike nes na ‘n mensgemaakte (beheerde) byekis en die veilige verskuiwing daarna na ‘n bye staanplek.

Dit is nie: om van die meeste bye in die kolonie in hul natuurlike nes ontslae te raak en daarna vergoeding vir die poging te ontvang nie.

‘n Bye kolonie is ‘n eenheid bestaande uit ‘n koningin, werkerbye, hommels, oop en geseëde jongby.

Inleiding

1. Heuningbye verkies om hul neste in donker en versteekte holtes, gate, slote, openinge in bome, kompos/vuilegoed dromme ens, wat beskerm van die verskillende natuurlike elemente en nadelig vir hulself en produktiwiteit is, te maak. Hulle mag soms wel ‘n nes in die ope vorm.
2. Wilde swerms word as gevolg van verstedeliking, ontbossing, uitbreiding van landbou grond ens geforseer om neste naby menslike structure, geboue, huise, publieke samekomste en ontspannings fasiliteite te bou wat uiteraard op sy beurt gevare vir mens, dier en lewende hawe inhou.
3. Gedurende Lente word ‘n toename in die aantal versoeke vir bye verwyderings ervaar weens die oorvloed beskikbaarheid in voeding en die gepaardgaande opbou in die groote van kolonies. Die neste raak te klein, afsuwing vind plaas en die publiek ervaar ‘n toename in trekswerms in en rondom hul normale veilige omgewing. Hierdie verskynsel vind hoofsaaklik jaarliks vanaf September tot Maart plaas.
4. ‘n Toename in bye aktiwiteite vind ook plaas as gevolg van trekswerms wat nader aan beskikbare aangeplante gewasse , in volle blom, beweeg bv. Kanola oor die tydperk Julie to Augustus).

Verantwoordelikhede ten opsigte van Verwyderings

5. DALRRD Definition of “Beekeeping activities”: means the keeping of honeybees in a managed beehive for the production and harvesting of any bee products, for queen rearing purposes or for commercial pollination services, or the removal, eradication or relocation of honeybee colonies. [Agricultural Pests Act, 1983 (Act No.36 of 1983) Par 2. Amendment dd 22 November 2019]

6. Registration of Beekeepers: Every person who carries out any beekeeping activities shall register with the Department. [Agricultural Pests Act, 1983 (Act No.36 of 1983) Par 2(1). Amendment dd 22 November 2019]
7. No person may conduct any beekeeping activities unless they are in possession of a valid registration certificate issued in terms of control measure 2(1). [Agricultural Pests Act, 1983 (Act No.36 of 1983) Par (8). Amendment dd 22 November 2019]
8. No person may utilize the services of a beekeeper for the purposes of carrying out any beekeeping activities unless the beekeeper is in possession of a valid certificate issued in terms of control measure 2(1). [Agricultural Pests Act, 1983 (Act No.36 of 1983) Par (9). Amendment dd 22 November 2019]
9. Dit is nodig om die publiek op te voed en bewus te maak ten opsigte van die risiko's en potensiële dreigende gedrag van heuningbye. Die hantering/verwydering van bye moet aan geregistreeerde en opgeleide byeboere oorgelaat word wat oor die nodige kennis, beskermende drag en die bestuur van bye kolonies beskik.

Wat is 'n "probleem" bye kolonie?

10. Die volgende is tekens dat 'n bye kolonie as 'n probleem geklassifiseer kan word:
- Dit hou 'n risiko of bedreiging vir mens, dier en lewende hawe in as gevolg van onmiddellike nabyheid van hul daaglikse beweging en werkspasie.
 - Herhaalde "stinging" episodes wat plaasvind.
 - Konstante en onbeheersde beweging deur mens en dier deur die normale vliegroepe van die kolonie.
 - Waskoeke wat gereeld op die grond vanuit 'n nes (in 'n boom/dak van 'n gebou) val.
 - Kolonies wat essensiële dienste belemmer (brandkrane, elektriese substasies, waterkleppe, ens.)

Potensiële gevaarlike gedrag van bye

11. Die volgende faktore kan aanleiding gee tot die gedragsverandering van 'n bye kolonie wat hul meer defensief sal maak:
- Vibrasies** in die omgewing van hul nes. (grassnyer, motor wat luiër, ens.)
 - Sterk **reuke** (reuk van gesnyde gras, petrol-olie rook, geploegde grond, sweet, plastiek wat smelt, ens.)
 - Spuit van **chemiese middels** bv. insekdoders
 - Voorwerpe** wat na hul nes gegooi word insluitend die spuit van water.
 - Droë Swerms** ('n kolonie wat as gevolg van hongerte aan die trek is)

Professionalisme en Integriteit met Verwyderings

12. Volg die WKBV Gedragskode.
13. Indien dit nie 'n "probleem" kolonie is nie, laat dit ongedeed in hul natuurlike habitat. Die enigste manier om volhoubaarheid van die wilde swerms te verseker is om hul toe te laat om op hul natuurlike biologiese proses af te swerm en te vermeerder.

14. Bye verwyderings moet met goeie oordeel gedoen word. Verwyderings moet nie gedoen word slegs om jou aantal beheerde korwe te vermeerder, om jou bankrekening te verhoog deur vergoeding vir verwyderings of die her-verkoop van kolonies nie.
15. Meet jou aksie aan: “Doen ek die verwydering slegs tot my eie voordeel of tot voordeel en sukses van die bye industrie”.
16. Hou altyd u “DALRRD” registrasie nommer en sertifikaat, WKBV sertifikaat en besigheidkaartjie beskikbaar vir identifikasie - indien benodig op aanvraag.
17. Doen ‘n deeglike inspeksie, waardering en beplanning van die verwyderingstaak.
18. Verskaf ‘n realistiese en gedetailleerde kwotasie aan die kliënt – bespreek die kwotasie vooraf indien moontlik. Indien ‘n onrealistiese duur kwotasie gedoen word sal die kliënt eenvoudig die maklike uitweg volg deur die kolonie dood te maak.
19. Wees altyd eerlik met die kliënt en gee dienooreenkomstig advies.
20. Onderteken ‘n geskrewe Bye verwyderings ooreenkoms met die kliënt.
21. Bevestig met die kliënt of die verwyderingskoste moontlik deur sy/haar versekering gedek word.

Riglyne en Advies vir Byeboere

22. Dit is ‘n goeie gebruik om jaarliks **vangkaste** (behandel met ‘n bye lokmiddel) op strategiese plekke (vlugbane van bye) uit te sit en sodoende wilde- of trekswerms op ‘n natuurlike manier te vang. Daar is ‘n aansienlike hoër waarborg ten opsigte van die volhoubaarheid en produksie vir so ‘n swerm in vergelyking met ‘n swerm wat deur al die stress van ‘n verwyderingsaksie moes gaan en die moontlikheid van ‘n $\pm 40\%$ kans om die korf te verwerp.
23. Tydens die **hoë afswermings periode** word swerms gereeld gevind wat aan ‘n boomtak, struik, paal, hek, ens hang. Dit is gewoonlik die gedrag van ‘n swerm wat aan die beweeg is om ‘n nuwe nes te vind, slegs rus of moontlik net oornag. Op hierdie stadium hou so ‘n swerm geen risiko vir mens en dier in nie. Kry die **volledige informasie** vanaf ‘n kliënt ten opsigte van die situasie; Is dit heuningbye, wespes, perdebye? Hoe lank is die swerm daar?, presiese posisie van die swerm (boom, luggat, komposdrom, ens) en die grootte van die swerm. Kry die informasie van die kontakpersoon, adres en telefoon nommer. Dit is oneties om ‘n kliënt te laat betaal vir die verwydering van ‘n swerm wat aan die beweeg is en binne 24 tot 48 uur weer die eiendom sal verlaat.
24. Adviseer die kliënt ten opsigte van die risiko’s en stress op die bye indien ‘n verwydering tydens die **koue maande** gedoen word en die moontlike gevolg om die hele kolonie te verloor. Dit word beslis nie aanbeveel om verwyderings deur middel van tregter/”one-way trap” gedurende die winter te doen nie. Maak ‘n waardering van al die negatiewe en positiewe invloede asook risiko’s en besluit dan of die verwydering absoluut noodsaaklik is op daardie tydstip.
25. Die **reuk** van heuning, was en propolis wat agterbly in die nes na ‘n verwydering is ‘n 100% waarborg vir ‘n volgende swerm om op dieselfde plek in te trek. Dit is egter noodsaaklik dat die nes behoorlik skoon gemaak moet word om toekomstige bye aktiwiteit te voorkom.
26. Die **verantwoordelikhede** ten opsigte van die afseel en skoonmaak van die nes-area en herstelwerk van strukture wat oopgebreek moes word, moet tussen die kliënt en bye werwyderaar gefinaliseer word. Dit kan ‘n beduidende invloed hê op die kwotasie en moet dienooreenkomstig op die verwyderings ooreenkoms aangeteken word.

27. Verseker dat die verwyderingstaak te alle tye binne die raamwerk en riglyne van die **Wet op gesondheid en veiligheid op die werk** uitgevoer word. Die eienaar van die perseel word verantwoordelik gehou vir enige beserings of insidente wat mag plaasvind. Maak gebruik van hasnasse/veiligheids toue/-uitrusting/bye roker en brandbestrydings uitrusting. Verseker te all tye die diensbaarheid van die uitrusting.

28. Die voorsiening van **water en elektisiteit** asook die **toegang** tot die perseel moet tussen die kliënt en verwyderaar bevestig word en dienooreenkomstig op die verwyderings ooreenkoms aangeteken word.

29. **Beperk toegang** tot die verwyderings area vir die publiek en omstanders deur gebruik te maak van gevaarlint en/of waarskuwings borde/tekens. Die kliënt kan die bure vooraf inlig van die tydperk van die verwyderingstaak en die gepaardgaande bye aktiwiteit en risiko's.

30. Om die bye kolonie aangebied te word as **vergoeding** vir die verwyderingstaak is nie 'n opsie nie. Die byeboer verskaf 'n gespesialiseerde diens, spandeer tyd en brandstof asook instandhoudings kostes van uitrusting. Die volhoubaarheid van die swerm kan ook nie gewaarborg word nie. Tref duidelik onderskeid in die verwyderings ooreenkoms oor wie eienaarskap van die swerm, heuning, was en propolis neem.

Metodes van Verwyderings

31. Die volgende metodes kan gebruik word vir verwyderings:

- a. **"Shake-in/Brush-off"**. Word toegepas in die geval van 'n relatiewe jong en nuwe swerm wat op 'n oop (maklik toeganklike) struktuur (boomtak, struik, geut, muur, ens.) versamel. Daar is nog geen waskoeke gebou en die koningin kon nog nie begin eiers lê nie.
- b. **"Cut-outs"**. Byeneste wat in versteekte en geslote holtes gemaak word en waar dit moontlik is en nodig is om eers strukture te verwyder om by al die waskoeke en jongby uit te kom. Dit is ook van toepassing vir gevestigde neste in ander strukture soos kompos-, vuilgoed dromme, kratte, ens met reeds oormatige waskoeke, jongby en heuning.
- c. **"Forced Abscond"**. Forseer 'n kolonie om hul nes te verlaat deur die toediening van aanhoudende rook of 'n chemiese middel bv Benzaldehyde. Dit is 'n goeie metode om te gebruik in die geval van tydsbeperkings op die verwydering of om strukturele skade te verhoed.
- d. **"Bee-vac"**. Die opsuig van 'n swerm deur middel van 'n gemodifiseerde stofsuijer wat gekoppel word aan 'n houder met 'n vals net-vloer of met 'n net-sak binne. Handige metode vir die ongemaklike plekke soos bv. plafonne.
- e. **Kombinasies van "Bee-vac" met "Shake-ins", "Cut-outs" en "Forced Absconds"**
- f. **"One-way trap"/"Trap-out"/Tregter**. Byeneste wat in versteekte en geslote holtes gemaak word en waar dit nie moontlik of koste-effektief is om strukture te verwyder om toegang tot die waskoeke en jongby te verkry nie en 'n "forced abscond" nie suksesvol sal wees as gevolg van groot ruimtes of die trek van lug in die spasie.
- g. **Uitwissing. (moet as laaste uitweg gebruik word)**
 - i. **Problematiese kolonies**. Die nes is op 'n onveilige plek bv. hoogspanning elektrisiteit, hoogs ontvlambare stowwe, ens.
 - ii. **Dringendheid van die verwydering**. Daar is nie tyd vir 'n beplande verwydering weens die onmiddellike bedreiging wat die bye vir mens, dier en lewende hawe inhou.

- iii. **Ontoeganklike kolonies.** Daar is absoluut geen veilige spasie/werks oppervlakte vir die verwyderaar om 'n verwydering te uitvoer nie.
- iv. **Amerikaanse Vuilbroed** besmette kolonies. Amerikaanse vuilbroed is 'n aanmeldbare siekte en laat geen ander opsie as om die kolonie te vernietig nie. Indien dit tydens 'n verwyderingstaak ondervind word moet dieselfde aksie gevolg word en die kliënt moet dienoooreenkomstig ingelig word.

32. Die metode wat aangewend word, word deur die voorkeure van die kliënt bepaal weens die omvang van strukturele skade, kostes vir die herstel, tydsbeperkings of dringendheid van die verwydering. Hy/sy moet dus breedvoerig ingelig word ten opsigte van alle moontlike opsies.

33. Verskillende metodes het ook 'n invloed op die koste van die taak. 'n "Forced Abscond" kan slegs 30min duur terwyl vir 'n "Trap-out" 'n minimum 4 weke toegelaat moet word. Tydens 'n "Trap-out" moet daar ook gereelde besoeke afgelê word met verdere koste implikasies asook reëlins vir toegang tot die perseel.

34. Die kliënt het dus die finale besluit in terme van verwyderings opsies.

Hervestiging van 'n kolonie

35. 'n Bye kolonie voed in 'n radius van 2.5km tot en met 6km. Afstande word beïnvloed deur die beskikbaarheid en kwaliteit van voedingsbronne. 'n Veilige afstand om 'n korf te skuif vanaf die verwyderings plek na 'n staanplek is 'n minimum van 5km. Belangrik om hierdie informasie aan die kliënt oor te dra ten einde versekering te gee dat die swerm nie sal terugkeer na die verwyderings area nie. Deeglike skoonmaak van die nes en die afseel daarvan is net so belangrik om toekomstige bye aktiwiteit te beperk/verhoed.

36. Indien dit moontlik is (bespreek met kliënt) kan die korf vir 'n verdere 14 dae by die verwyderings plek bly voordat dit na 'n bye staanplek verskuif word. Dit verskaf voldoende tyd vir die swerm om te her-oriënteer en hulself in die nuwe kis te vestig.

37. Doen die verskuiwing van die korf in die donker. Maak seker dat al die veldbye in die korf is alvorens die ingange toegemaak word. Indien lang afstande met 'n toe korf beweeg word, verseker voldoende ventilasie deur van 'n super of bo-voerder gebruik te maak. Maak ook gebruik van lae digtheids materiaal om ingange te seel. Hierdie maatreëls sal oorverhitting of versmooring voorkom.

Verwyderings versoek

38. Neem die volgende aksies met 'n verwyderings versoek:

- a. Bekom al die nodige informasie (kontakpersoon/nommer/adres en detail met betrekking tot die swerm) vanaf die kliënt op skrif via 'n WhatsApp, E-pos, Text boodskap, etc.
- b. Hanteer die versoek self, of
- c. Plaas die versoek op die WKBV WhatsApp Groep. Bevestig met die kliënt dat u toestemming het om sy/haar persoonlike informasie op 'n openbare media platform te plaas, of
- d. Verwys die kliënt na die WKBV webtuiste; www.wcba.co.za (onder die sleutel vir dienste verskaffers) om 'n verwyderaar van hul keuse of beskikbaarheid in hul omgewing te kontak, of
- e. Verskaf bekende verwyderaars aan u, se kontak besonderhede aan die kliënt.

39. Bied u voortgesette hulp aan indien die kliënt nie bevredigende diens in terme van par 38.c, 38.d of 38.e ontvang nie.

40. Die eerste persoon wat op 'n verwyderings versoek reageer moet dit dienooreenkomstig aandui. Dit sal onnodige oproepe na die kliënt verhoed en/of ander verwyderaars se tyd onnodig in beslag neem.

Die volg van bogenoemde riglyne kan 'n professionele byebedryf industrie bevorder met harmonie tussen die natuur (bye), byeboere en die publiek.

Opgestel deur Gerhard Olivier: Julie 2021